LEEUWENHOF AKADEMIE

UIT DIE UITVOERENDE HOOF SE KANTOOR

3 MEI 2017

Geagte Ouers,

Kyk ‘n mens terug na die eerste termyn van 2017 het ons soveel om voor dankbaar te wees. Met trots en dankbaarheid kan ons getuig dat Leeuwenhof Akademie getrou is aan Kolossense 4:5 wat sê: “Maak die beste gebruik van elke geleentheid.”

PERSONEELSAKE

- Ons innige simpatie en medelye met die afsterwe van Tersia Byleveldt se geliefde pa.
- Baie welkom aan Thys de Villiers wat by die Laerskool aangestel is as Afdelingshoof Sport.

SKOOLFOOIE

- Baie dankie en groot waardering vir u getroue betaling van skoolgelde elke maand.
- **Werwingskorting:**
  - Ouers kwalifiseer wat ‘n volbetaalde leerder aan Leeuwenhof Akademie voorstel. Die voordeel vir u is ‘n korting van een gewone maand se skoolfooie.
- **Artikel 18A Belastingsertifikaat:**
  - Enige donasie wat gemaak word aan die skool is gedeeltelik aftrekbaar ingevolge Artikel 18A van die Inkomstebelasting Wet.
  - Artikel 18A bepaal dat ‘n belastingbetaler tot ‘n maksimum van 10% van sy/haar jaarlikse belasbare inkomste kan eis indien so ‘n donateur/donatrise ‘n sertifikaat ontvang wat bevestig dat die donasie aftrekbaar is. Leeuwenhof Akademie, as ‘n publieke voordeel organisasie, val vierkantig binne die raamwerk van Artikel 18A en is in ‘n posisie om sulke sertifikate aan ouers uit te reik.

    Vir meer volledige inligting is u welkom om enige van ons skoolhoofde te skakel.

UMALUSI – “COUNCIL FOR QUALITY, ASSURANCE IN GENERAL AND FURTHER EDUCATION IN TRAINING

Neem kennis dat Leeuwenhof Akademie op Dinsdag, 16 Mei 2017, deur Umalusi besoek word vir die assessering van ons skool ten opsigte van:

- Akademie
- Bestuur
- Finansiële bestuur
- Buitemuurse aktiwiteite
- Leerdersake t.o.v. gedragskode, leierskap, voorkoms en meelewendheid.
- Geboue en terrein.

U sal ingelig word na afloop van die besoek.

PUK 16 REEKS: FINALE
Baie geluk aan die Hoërskool met hulle uitstekende deelname tydens die finaal van die PUK 16 – reeks op Potchefstroom.

Die uitslae was soos volg:

- Rugbykampioene 2017 – rugbyspanne wat deel geneem het aan die finales.
- Netbal 3de van die reeks.
- Leeuwenhof Akademie is in die algeheel derde plek in die reeks.

LAERSKOOLTOER – RUGBY EN NETBALSPAN
Die Laerskool se eerste rugby- en netbalspanne het die afgelope vakansie deur Limpopo getoer. Ons leerders was ten alle tye ware ambassadeurs van ons skool en ons eerste netbalspan verdien spesiale vermelding met hulle uitstaande span en onoorwonne rekord op die toer.

GEBOUE EN TERREIN
Die afgelope vakansie is die volgende instandhoudingswerk aan die geboue gedoen:

- Die dakke by die Laerskool se administratiewe kantore en seniorfase se klasse is herstel en geverf.
- Die padmerke is gefinaliseer en almal is nuut geverf.
- Die Wetenskapklasse by die Hoërskool is opgradeer.
- Klaskamers is geverf en van die plafonne is herstel.
- Die sekuriteit van die skool is herevalueer en weer opnuut opgeskerp.

My dank aan Theo van Niekerk, van die Direksie, se raad en advies oor bogenoemde projekte.

VERKEERSVLOEI
Ons doen ‘n dringende versoek dat ouers wat van Van Buuren afrit kom asseblief die ingang by Van Dortstraat sal gebruik. ‘n Onlangse opname toon dat ongeveer 154 motoriste nog die ingang by van Dortstraat ignoreer en nog steeds die Geldenhuisstraat se ingang gebruik. Ouers ons maak staat op u samewerking.

OOPDEURBELEID
Ek volg ‘n oopdeurbeleid teenoor ons ouers, personeel en leerders. U is welkom om ten enige tyd met my ‘n afspraak te maak oor enige aangeleentheid.

‘n Mooi en ‘n geseënde termyn word aan elke Leeuwenhof-gesin toegewens.

Leeuwenhof – groete

_____
MNR J M BEZUIDENHOUT
UITVOERENDE HOOF